Grey Kollege Sekondêr BLOEMFONTEIN Grey College Secondary | www.gc.co.za
JAARGANG | VOLUME 52 · UITGAWE | EDITION 1
Maart | March 2018

STABILIS

SUPPORT SPEAKS VOLUMES



Shouting from stands is invaluable

During the annual Grey gala Town and Hostels proved their support for their respective teams. While Town was supported by Eunice, Hostels enjoyed the hospitality of the Oranje girls. Photo: Leabua Seromo

nuus



Frans vind sommer gou sy voete as 'n vyfde taal by die skool

Seuns van graad 10 tot graad 12 kan nou Frans leer. Bladsy 3

nuus

Valentynsdag sorg vir pret en vreugde

Saal rol welkomsmat uit in wit, pienk en rooi. Bladsy 4

diepte

Besoekers uit Europa weet reeds baie van trots en tradisie

Duitsers word selfs blootgestel aan Suid-Afrikaanse krieket. Bladsy 7

journal

Class of 2018 faces academic challenge

Weak matric results of 2017 must be addressed by current group of seniors. Page 9

y'ello everywhere you go MTN

KORTNUUS

Van Rand en sent na padkos en tent

Na 25 jaar van pligsgetroue swoeg en sweet agter 'n tafel vol finansiële state, versoeke vir betalings of geld en tande kners vir onredelike vereistes, het me Annalie Cronjé uiteindelik die punt bereik waar haar beplande aftrede nou 'n realiteit word.

Me Cronjé het jare gelede al besluit dat sy op 60-jarige ouderdom sal aftree terwyl sy en haar reeds-afgetrede man nog jonk en gesond genoeg is om te reis en die lewe saam te geniet. Hulle is ywerige kampeerders en beplan om goeie diens uit hul karavaan en tent te kry.

Stabilis het vir me Cronjé gevra wat sy veral van haar jare by Grey sal mis. Sy het onmiddellik geantwoord dat die mense by Grey die belangrikste komponent van haar verlange sal wees; spesifiek al die gereelde besoekers by haar in die kantoor. Baie personeellede het kom gesels, kom kla, kom vra en diep dele van hul persoonlike lewens met haar gedeel. Daardie vertroue wat in haar gestel is, sal altyd vir haar 'n kosbare herinnering bly.

Me Cronjé het vele mense sien kom en gaan – want niemand hou skool by Grey sonder om haar dienste nodig te kry nie. Sy sê dit is ook 'n vreemde waarheid dat heelwat onderwysers wat uiteindelik nie by die skool aard nie, onmiddellik aan hulle gesprekke geïdentifiseer kan word.

Hierdie opregte vrou het 'n warmte en omgee-geaardheid wat veral deur personeellede gemis sal word. Maar me Cronjé verdien die nuwe fase van rus en ontspanning en ons wens haar alles van die beste toe.

- CHAD JONGBLOED

New addition to Afrikaans department

Ms Meyer experiences a sense of homecoming at Grey

Ms Cornelia Meyer and her class on the grass, enjoying the great outdoors. **Photo: Eric Diswane**

Grey has a rich harvest of new educators this year. Another addition to the staff is ms Cornelia Meyer, who joined the staff from *Olien Hoërskool* in Fauresmith.

Ms Meyer, who holds an honours degree in psychology, chose teaching over psychology because of her passion and love for children and her drive to make them do better. She studied at *Tuks, Pukke* and at *Kovsies* where she completed her B Ed Hons. Ms Meyer is married to a farmer and they are parents to three children – two sons and a daughter.

Teaching is, obviously, also a combination of using psychology to instil the required level in academics. Ms Meyer teaches Afrikaans Home Language as well as Afrikaans First Additional Language.

The systems that are in place at school work well and she adores the respect she gets from the boys when they stand to speak in class, continually greet her and always offer assistance when needed, she added. Her love for Grey grows by the day; when asked what she thought about the school thus far she said, 'I love it! Everything works so well. Coming from a school in the *platteland*, this impresses me.'

- RELE TSOAI

Mr Casling is a bundle of passion and energy

This year we welcome mr Voughan Casling into the Grey family.

Mr Casling attended Grey High School (Grey PE) and graduated from Nelson Mandela Metropolitan University (NMMU) with a Bachelor of Education degree (B.Ed.), specialising in Mathematical Literacy and Biology. He previously taught at Aeroville Secondary School, in the Eastern Cape, for the duration of 2017 and says without doubt, that Grey College is the better of the two schools.

He currently teaches Mathematical Literacy for grade 10s and 11s as well as Life Orientation for the grade 8s. He also coaches rugby for the under 16s as well as the under 16s sevens rugby team. Mr. Casling's passion for teaching was a fate he could not escape; he says, "Teaching found me! My dad was a teacher and he taught for over 36 years. I drew inspiration from the difference my father made in the community."

- BENSON WU

Matric boys welcome mr Casling. **Photo: Eric Diswane**

Athletics: Will it be day or night?

The variable in recent years is the time of the athletics meet. This year was the first time in three years that the meet was held in its normal time slot of the morning instead of in the evening. The overall consensus was that the students prefer the meet in the morning, for a number of reasons.

Firstly, the athletes believe they won't be as worn out as they would in the evening. Riaan Brits said, "The heat isn't a problem. We practise every afternoon in the heat so it's not really a factor. I would be more scared of running in the evening because the chance of my muscles getting cold sooner is higher, which could lead to an injury."

Many prefer the day because they believe it brings a better vibe and more pupils attended it during the day. The evening meet brings its own problems, like getting transport to and from the stadium, the changing of time for the hostels to get food and learners not getting time to do homework for the following day.

Mr Van Wyk said, "I prefer it in the day, because that's when all the records were set many years ago. To give students a fair opportunity to break these records they should run in the same time slots." He also said that he prefers the day because more students attend the event, as seen this year, with city ranking many more points than previous years. In conclusion Mr Van Wyk said," It is clear that more records and better times were run this year compared to the previous two."

- TRAVIS JANBROERS

Van Rensburg LANCET

Mnr Doubell is gou gemaklik in sy posisie as onderwyser en sportafrigter by skool

Mnr Doubell is een van die nuwe leerkragte wat hierdie jaar aan Grey Kollege verwelkom word. Hy onderrig graad 8 en 9 EBW, graad 10 en 11 Besigheidstudies, asook graad 10 Rekeningkunde.

Mnr Doubell het aan die Hoërskool Sand du Plessis gematrikuleer. Hy was egter nie altyd van plan om 'n loopbaan in onderwys te volg nie. "Ek het deur my hele skoolloopbaan nie geweet wat ek wou doen nie. Ek het eers in die jaar na matriek besluit om onderwys te studeer."

Mnr Doubell sê verder dat sy pa, voormalige hoof van Hoërskool Sand du Plessis, 'n sleutelrol in sy loopbaankeuse gespeel het; "Ek het verskriklik baie van hom geleer, veral hoe om met kollegas te werk."

Voordat hy die skuif gemaak het, het hy by die Hoërskool Staatspresident Swart in Brandfort skoolgehou.

Mnr Doubell het Grey Kollege toe gekom omdat hy nog altyd by een van die elite skole in Suid-Afrika wou werk. "Grey is die beste skool in Afrika, so jy kry nie beter as dit nie!"

Hy meen ook dat die gees by die skool uitstekend is. Hy sê dat die seuns goeie maniere het en hulle het hom vinnig tuis laat voel.

Die personeel is altyd behulpsaam as hy oor iets onseker is. Hy sê dat die sport is op 'n vlak wat hy nog nooit beleef het nie. "Ek rig die o/19D krieket en die o/14C en D rugbyspanne af en die talent in daardie spanne is asemrowend."

Daar is aan hom gevra om sy mening ten opsigte van die eerste kwartaal se verrigtinge te gee, waarna hy gesê het dat alles baie goed georganiseerd is, alles word op groot skaal gedoen en dit het die vermoë om die hele skool as 'n eenheid saam te snoer.

Hy meen verder dat niks behalwe die beste by Grey goed genoeg is nie en dit skep 'n atmosfeer waar leerders, sowel as personeel ten volle kan ontwikkel.

- NICOLAAS WIPPLINGER

Parlez-vous Francais is nou aan die orde van die dag by Grey

Grey Kollege het vanjaar Frans as 'n tweede addisionele taal bygekry. Dit is moontlik gemaak deur *Montpellier*, 'n Franse rugbyklub, se *Badawi Legacy Scholarship Programme*. Die sowat 12 leerders wat die taal as vak neem, doen dit in die week na skoolure.

Stabilis het 'n paar vrae aan 'n graad 10 leerder, Petrus Claassen, wat tans die vak neem, gerig. Ons wou weet hoe Frans met Duits 2e addisionele taal vergelyk.

Hy sê dat hulle in die Frans klas fokus op die uitspraak en spelling van die woorde. Hulle oefen dit totdat hulle dit ken, verstaan en kan praat.

Duits leer hulle meer hoe om die woorde te skryf en minder op die uitspraak. In die Frans klas het hulle meer individuele sessies met die juffrou as in die Duits klas, want die klasse is kleiner.

Petrus wil Frans leer omdat dit werksgeleenthede meer maak; dit is baie lande se huistaal of addisionele taal – soos bv. Kanada. Dit dra ook by tot 'n beter CV, en is eintlik 'n baie lekker uitdaging.

Dit is moeilike taal in die sin dat 'n woord wat 'n mens lees sal meestal totaal anders uitgespreek word. Daar is ook geen verbintenis tussen Frans en Afrikaans nie, wat beteken dat 'n mens nie kan afleidings maak nie.

Hy wil die taal graag na skool gebruik. Indien hy die buiteland wil besoek sal hy reeds 'n voorsprong hê want hy sal met baie mense kan kommunikeer. Dit sal sy taal verbeter en hom 'n voorsprong in die toekoms gee.

Dit is te wense dat meer leerders hulle by die Frans klasse sal aansluit; die voortbestaan van enige vak word bepaal deur die belangstelling van die leerders. Hierdie uitdaging sal ook definitief enige leerder se wêreld verbeter en hopelik beter insigte in die omgewing verskaf.

Die *Badawi Legacy Scholarship Programme* betaal vir die eerste vyf jaar van die onderwyser se salaris alhoewel Grey self kon kies wie hulle wou aanstel. Die program het nie net 'n impak op die akademie nie maar ook op die leerders wat rugby sou wou speel in Frankryk by 'n klub soos *Montpellier*.

- NICO DU PLOOY

Representative Council of Learners introduced in 2018

Augmentation of the prefect body established

Ian Small-Smith (president), Daniel Williams (deputy president), Sikhanyiso Nkosi (secretary) and Nathan Raath (treasurer) constitute the new RCL. Photo: Eric Diswane

The role of senior scholar leadership has been the task of mainly the prefects for years. However, this year a new system of organised leadership, namely the Representative Council of Learners (RCL), has been introduced. The RCL incorporates learners from every grade and allows for a more diverse approach to decision making in the school.

Many arguments for and against the system are based on the hierarchy within schools. One argument for the system would be that the younger learners get to hold the seniors accountable to a much greater extent and that there is a much more solid bridge between the powers that be and the younger grades. An argument against the system is that, being in the school for the longest, matrics have the necessary expertise with problem solving in the school. The maturity they should possess allows for bigger problems to take priority, instead of more trivial problems.

The executive committee of the RCL understand both sides of this and the general opinion is to turn the RCL into a necessary means of improving communication in the school and being of aid, rather than replacing the prefect structure.

Executive committee members -Ian Small-Smith (president), Daniel Williams (deputy president), Sikhanyiso Nkosi (secretary), Nathan Raath (treasurer) and Mzimkhulu Jita (PR officer) - plan to use it as an opportunity to teach and reinforce the values that get lost along the way.

The major issue many seniors at the school have with the RCL is the idea that younger guys can dictate what the seniors can and cannot do, and the range of matric privileges at the school. Many schools with these systems lose the innate social hierarchy determined by length of time at the school, due to the power given to younger guys. Until the roles and responsibilities of the RCLs are comprehensively elaborated on, the executive committee believes this as well.

This is a problem many schools in Bloemfontein have, but their views on how the benefits of RCL outweigh this, vary. Perhaps the responsibility given to the younger learners will allow them to better understand and respect duties of their seniors and that it helps the matrics, whose academic schedule is packed, to breathe because of the distribution of the workload.

- RELE TSOAI

KORTNUUS

Warrior Ric is 'n inspirasie vir skool

'n Groot groep Grey seuns en onderwysers het Saterdag 17 Februarie deelgeneem aan die Toyota Warrior Race wat by Maselspoort gehou is.

Dit is 'n hindernis-baan wat elke jaar in agt verskillende plekke in die land gehou word.

Warrior Ric, een van die organiseerders van die byeenkoms, gaan elke week voor 'n Warrior Race na verskillende skole om leerders te motiveer om deel te neem.

Hy het ook baie afslagbewyse vir die skool gegee om aan leerders wat wil deelneem te gee. 'n Aantal seuns het van die geleentheid gebruik gemaak en het besluit om die uitdaging aan te pak.

Josh van der Westhuizen in graad 10 het die Warrior Race vir die eerste keer gedoen omdat Warrior Ric hom tydens die saalperiode geïnspireer het. Josh het dit saam in 'n span gedoen en hy sê hy sou opgegee het sonder hulle. Hierdeur het hy besef dat spanwerk in baie verskillende vorms kan voorkom.

Mnr Marcel Cronje het ook vir sy eerste keer aan die Warrior Race deelgeneem. Hy het dit gedoen saam sy vrou, juffrou Marnie, wat die Warrior Race al twee keer van tevore in Johannesburg gedoen het, en haar neef.

"Om in 'n span deel te neem is lekker. 'n Mens motiveer mekaar en ondersteun mekaar", sê mnr Marcel. Hy sê ook dat hy besef het mens is werklik tot baie in staat, solank jy in jouself glo.

- VLADIK SEAGREEN

NB DATES

10 April:
School Opens
14 April:
Sport Day – Waterkloof
4-5 May:
Interschool Paarl
9 May:
Career Expo
11-12 May:
Interschool Selborne
18-19 May:
Interschool Affies

Shaun Human is adamant about discipline

Mr Shaun Human in front of his class. Photo: Eric Diswane

Another new face in the language department, mr Shaun Human, teaches English First Additional, grades 8 to grade 11, in the place of ms Bets Bezuidenhout who retired at the end of last year.

Mr Human is a product of Saint Andrew's school for boys in Bloemfontein; it can be assumed that he must be extremely grateful to have come to Grey ... ;-)

Before accepting the position at Grey, he taught at Bainsvlei Combined School. Mr Human is also a product of the UFS, where he obtained a B Ed. Degree, followed eventually by an honours degree in Policy Studies.

Mr Human is involved in water polo and soccer at school – but his most noteworthy achievement will be to create order and silence on the staircase leading up to his classroom in the B block; many have tried but he seems to be winning.

He has previously also taught English as first additional language, but mentions that it would be good to one day move over to English Home Language. Thus far, mr Human has made an impression as a caring individual, yet with very strict classroom ethics; this shows in the silence when he teaches.

This mother tongue speaker of English is a person of varied interests – his interests include soccer, squash, mountain biking, trail running, reading and spending time with his family – his wife and his 18-month-old daughter.

- RELE TSOAI

Proud sponsors of Grey College Sport

GILBERT

GRAY-NICOLLS

GRAYS

SHORT NEWS

Me Vermeulen sluit aan by Skeinat

Me Vicki Vermeulen is 'n nuwe aanstelling in die Fisiese Wetenskap-departement.

Stabilis het gaan uitvind wat vir me Vermeulen na Grey toe gelei het. Sy het dadelik gesê dat mens nie noodwendig vir Grey kies nie, Grey kies jou. Haar man is 'n oud-Grey en Grey lê hulle na aan die hart.

Op die vraag of dit 'n groot aanpassing is om vir slegs seuns skool te hou, het me Vermeulen gesê dat daar definitief 'n groot verskil tussen net seuns teenoor net meisies is, maar omdat dit Grey seuns is, was dit nie te moeilik nie.

Me Vermeulen vertel dat sy aanvanklik Mediese Fisika gaan studeer het Sy het daarna haar internskap by Grootte Schuur Hospitaal gaan doen. Sy het toe tydelik uitgehelp by 'n skool in die Kaap en nadat haar pad met die onderwys gekruis het, het sy haar onderwysdiploma voltooi. Daar het sy besef dat dit 'n voorreg en vervulling is om met kinders te werk. Vir die afgelope 12 jaar is sy nog net in die opvoedkunde van Fisiese Wetenskap betrokke.

- NICOLAAS WIPPLINGER

Valentynsdag is tóg maar 'n lekker dag

Hierdie dag bring vreugde in 'n andersins moeilike kwartaal

Hoofseun Rocco Steyn lei die Valentyns-feestelikhede in die Reüniesaal. **Foto: Eric Diswane**

Valentynsdag is daardie spesiale dag van die jaar wanneer ons waardering wys vir mense vir wie ons omgee, deur kaartjies, sjokolade en selfs deur buitensporige geskenke uit te ruil.

Vanjaar het Grey weer groot gegaan…

Die Dinsdagaand voor *Val-in-die-tuin-dag* het Indomitus die koshuismeisies van Eunice, Oranje en Sentraal gaan *serenade*.

Vroeg Woensdagoggend was die voorportaal al vol van liefdesbriewe, *chocolates*, teddies en hartjie-*lollipops*.

Tydens die saalbyeenkoms het meisies van St Michael's, Eunice, Sentraal en Oranje vir die seuns kom kuier. Indomitus het saam met Conspirito *Fever* gesing vir die Oranje meisies en later ook in die saal vir die Grey-seuns, *Shape of you*.

Die graad 10's en 11's het vir meisies op die verhoog rose uitgedeel en Anrich du Plessis het 'n gedig gelees. Die drie hoofseuns, Rocco, Xander en Trevor het daarna vir hul meisies, saam met 'n *band*, die liedjie *Perfect* van Ed Sheeran gesing.

'n Paar matrieks het daarna die meisies vermaak met *Beneath your beautiful* van Labyrinth. Aan die einde van saal het die Grey-seuns uit volle bors *Cecilia* gesing…

Soos dit tradisioneel is, het die damespersoneel ook die vreugde van 'n rooi roos ontvang ervaar toe die prefekte vir elkeen 'n roos uitgedeel het.

Aan die einde van die dag was die geskenke uitgedeel van teddies tot *chocolates*. Grey se sjarme is die definisie van Valentynsdag. Lank lewe die liefde!

- WIESNER HECHTER

PROFIEL

Waar in die wêreld is… Lehan Bloemhoff

Lehan Bloemhoff is 'n prima-produk van Grey Kollege; 'n uitvoerprodukt wat ontwikkel het in die jare 2006 tot 2010, die tyd wat hy 'n Grey-leerder was. Hy het sy stempel sterk afgedruk op Grey – hy was kaptein van die eerste hokkiespan en hy was Dux-leerder in sy matriekjaar.

Stabilis het per e-pos met hom gesels waar hy nou in Reading, Engeland woon. Lehan glo dat Grey hom geleer het om passievol te wees oor dit wat hy doen. Dié passie motiveer 'n mens om harder te werk om jou doel te bereik; jy kry baie meer genot uit dit wat jy doen en jou kanse om sukses te behaal is dan binne bereik.

Na matriek het hy sy studies by die UV begin waar hy binne vier jaar 'n Baccalaureate in Rekeningkunde asook 'n Baccalaureate Honores in Rekeningkunde behaal het. Gedurende hierdie vier jaar het hy vir die Universiteit en vir die Vrystaat hokkie gespeel.

In 2015 het hy Kaapstad toe getrek om die verpligte drie jaar van klerkskap by Moore Stephens Kaapstad te voltooi, waarna hy gekwalifiseer het as 'n geoktrooieerde rekenmeester. Die laaste entjie van sy huidige reistog is sy letterlike reis in Januarie 2018 Brittanje toe, waar hy by Moore Stephens LLP begin werk het.

Lehan Bloemhoff. **Foto: Verskaf**

Lehan vertel dat die mees opvallende besigheid-styl in die omgewing waar hy werk die oneindige vergaderings is - daar word 'n vergadering vir enigiets gehou; vergaderings wat meer tydrowend as produktief is. Blykbaar was die werksure was ook iets om aan gewoond te raak: 'n normale dag is van 09:30 tot 17:30. Soos Suid-Afrikaners is, is die Britte baie passievol oor sport, en dit het gehelp dat hy vinniger aangepas het.

Suid-Afrikaners weet hoe om 'n minibus taxi se spasie goed te benut, en die Britte weet hoe om 'n ondergrondse trein se spasie goed te benut. Sodra hy dink daar is nog plek vir iemand op die trein nie, word daar nog plek gemaak - amper soos sardientjies in 'n blikkie.

Hy vertel dat die tegnologie en infrastruktuur baie vinnig en gemaklik is om te gebruik. Dit maak die lewe vinniger en makliker en alles doen mens aanlyn en op die selfoon. Lehan beplan om twee jaar daar te bly en werk- en lewenservaring op te doen; die pad daarna is nog onbepland en onbekend.

Vir ontspanning reis hy en hy oefen. Hy hou daarvan om oor 'n naweek aan wedlope in vreemde stede deel te neem.

This day will never be the same without Indomitus

Shakespeare said, "If music is the food of love, play on."

This past Valentine's Day, as usual, Grey College showcased its romantic side in the most authentic way possible, but what can be more authentic and romantic than making the girls from our sister schools weak at the knees with angel-like voices and charming smiles?

Each year, the Indomitus vocal ensemble has a mission to fill the air as well as the girls' hearts with love and this year was no different. On the 13th of February, Indomitus visited Eunice, Oranje and Sentraal to perform their love songs for the girls.

The boys performed well-known songs such as 'Shape Of You' by Ed Sheeran, 'Be My Forever' by Cristina Perry and 'Home' by Philip Philips. Mr. Davel and his boys were very well prepared and did well considering the fact that it was only their first performance of the year.

If music is indeed the food of love, it is safe to say that Indomitus will continue to play on and most importantly, will continue to spread the love, not only on Valentine's Day, but through the years to come.

- VALERIO CIRELLI

KALENDER

19-20 April:
ATKV Debat
23 April:
Voortrekkers:
PV Eksamen
14-25 Mei:
Eisteddfod
22-27 Junie:
Voortrekkers:
Winterkamp
3-8 Julie:
Wêreld Koorkompetisie

Koorkamp lê grondslag vir jaar van hoogtepunte

Internasionale mededinging verseker diepte

Die koor handhaaf 'n hoë standaard, net soos by die 2017 Musiekfees. **Foto: Verskaf**

'n Simfonie van stemme! Sang soos nog nooit vantevore gehoor is nie. Klank wat kombineer om 'n melodie te vorm wat so mooi is op die oor. Grey-manne wat saam staan en net een doel het - Sing!

Die koor-manne het reeds die geleentheid gehad om die koorkamp die eerste naweek in Februarie by te woon, waar daar geoefen is vir die komende optredes. Die koor bestaan uit 'n span van begaafde seuns en wanneer die geleentheid hom voordoen, wys die koor male sonder tal wat werklik in hulle steek.

Mnr Hattingh Davel, afrigter van die koor, sê: "Ons is hierdie jaar reeds vroeg aan die gang. Oefeninge begin sover moontlik stiptelik en daar word hard gewerk met baie ure wat in beslag geneem word." Mnr Davel en mnr Dana Cilliers is elke aand op hulle pos.

Die 10de Wêreld-koorspele word tussen die 4de en 14de Julie in Pretoria aangebied. Hierdie geleentheid vind elke tweede jaar, of elke gelyke jaar, op 'n verskillende kontinent plaas. Dit sal die eerste keer wees wat die koor aan 'n kompetisie met soveel prestige deelneem. Met die vorige weergawe, wat in Rusland plaasgevind en groot kompetisie gelok het, was die gehalte puik.

Met die inagneming van die hoë koste van 'n toer na die buiteland, is die skool se koor in die gelukkige posisie om hieraan deel te hê in Suid-Afrika self. Met kompetisie van reg oor die wêreld sal die 'n unieke kans wees vir die seuns om hulle te vergelyk met van die bestes.

Die koor het reeds gekwalifiseer om deel te neem aan die Wêreld-koorspele. Slegs 'n klein aantal seunskore het die voorreg om aan so 'n besondere geleentheid deel te neem. Koor-repetisies sal voortgaan in die eerste week van die Julie-vakansie voordat die koor na die koorspele vertrek.

Daar word uitgesien na die optrede by die Grey Musiekfees en die interskole, wat altyd besondere hoogtepunte in Grey se kultuur-jaar is.

- DIRKIE LAAS

STACCATO

Origin of hip-hop lies in the Bronx

For many people it seems that hip-hop has been with us forever – but where did it originate and how long has it been with us?

Hip-hop is a subculture and art movement developed in the Bronx in New York City during the late 1970s. While the term hip-hop is often used to refer exclusively to hip-hop music (also called rap), hip-hop is characterized by nine elements, however only four elements are considered most necessary to understand hip-hop musically.

Afrika Bambaataa of the hip-hop collective Zulu Nation outlined the pillars of hip hop culture, coining the terms: "rapping" (also called MCing or emceeing), a rhythmic vocal rhyming style (orality); DJing (and turntablism), which is making music with record players and DJ mixers (aural/sound and music creation); breakdancing (movement/dance); and graffiti art.

Other elements of hip hop subculture and arts movements beyond the main four are: hip hop culture and historical knowledge of the movement (intellectual/philosophical); beatboxing, a percussive vocal style; street entrepreneurship; hip hop language; and hip hop fashion and style.

Art historian Robert Farris Thompson describes the youth from the South Bronx in the early 1970s as "English-speaking blacks from Barbados" like Grandmaster Flash, "black Jamaicans" like DJ Kool Herc who introduced the rhythms from salsa music, as well as Afro conga and bongo drums, as well as many who emulated the sounds of Tito Puente and Willie Colón.

These youths mixed these influences with existing musical styles associated with African-Americans prior to the 1970s.

Masters of percussion move mountains at Glacier Summit

"There is pleasure in the pathless woods, there is rapture in the lonely shore, there is society where none intrudes, by the deep sea, and music in its roar; I love not Man the less, but Nature more." – *Lord Byron*

And so it was, between the mountains at the Glacier Investment Summit in Clarens, when the members of congress were graced with the tranquil tune of the Grey Marimba Band. These masters of mallet and wood brought numbers such as *My Way*, *Halala Afrika* and Ipi tombi to life, soaring through the mountains like eagles, dandelion dust running in the wind.

The Marimba band, however, was not the sole representative of Grey College at this unique event. The other percussion group of the school, the Grey Drumline, was also there to add additional rhythm and to create more excitement.

These two groups truly are an important part of our cultural activities and they continue to make us proud from performance to performance.

As Martin Luther boldly stated: "Next to the Word of God, the noble art of music is the greatest treasure in the world." We gladly trust these groups with our beautiful treasure, a gift for everyone. The school can be proud of these talented musicians.

- BERLOU MYBURGH

The Marimba Band, performing their art. **Photo: Eric Diswane**

Maak vir jou brandhout bymekaar terwyl jy die kans gegun word

Aan die begin van elke jaar sien ons 'n groep graad 8's wat vir die eerste keer die Reüniesaal binnegaan terwyl koshuis en stad mekaar wys wie se stemme die hardste is.

Baie beskryf die eerste dag in die Reüniesaal as "iets ongelooflik" of ander sukkel eenvoudig net om die woorde te kry om presies te beskryf hoe dit voel om vir die eerste keer die "Grey magic" te beleef.

Die feit bly staan dat dit hiér is, in die hartklop van die skool, waar "Grey magic" en hoendervleis-oomblikke die meeste ervaar word. Die vraag wat baie mense, wat die skool vir die eerste keer besoek, vra is hoekom die seuns en oud-Greys die Reüniesaal as so 'n heilige plek beskou?

Baie meen dat dit spesifiek die plek is waar 1200 seuns onder een dak bymekaar kom en deur die woorde van hul liedjies bewys wat broederskap werklik bete-ken. Op papier is daar net soveel woorde om die gevoel en atmosfeer in die Reüniesaal te beskryf; die beste beskrywing daarvan is egter om dit self te beleef.

Oud-Greys wat die skool onlangs besoek het meen die seuns se dissipline tydens saal het aansienlik verbeter. Dit is iets waarvoor die matriekgroep van 2018 erkenning kan kry en dien as bewys dat hul groep se leuse, "Inspire the change" uitgeleef word. Verandering is tog wat gesien word.

Die klas van 2018 het die GPL (Grey Premier League) vanjaar begin. Dié sokkerkompetisie word pouses gespeel en spelers kan gekoop of verkoop word en teken 'n kontrak by 'n spesifieke klub. Mnr Ingo Machts sê altyd 'n mens moet brandhout bymekaar maak vir mens se oudag.

Stories wat jy eendag vir jou kinders kan vertel, dinge soos die GPL of die skaap met die naam Tjoppie wat van die begin van die jaar af op die skoolgronde bly. Die belangrikste is om goeie herinneringe te maak en om die plek in 'n beter toestand te los as wat dit was. Dit is nie altyd maklik nie, maar beslis die moeite werd.



Ouers het waardering vir matriek-leiers

Geagte Mnr Scheepers

As nuweling in die skool vir beide myself en my graad 8-seun, het ek dit nodig geag om my gevoel met u te deel. Grey Kollege bestaan al baie jare en word deur baie geadmireer, verafsku of beny.

Dus was ek aangenaam verras om te beleef dat die kultuur van onder meer 'n 'Grey Gentleman' nie net 'n slagspreuk is wat rondgegooi word nie maar wel toegepas word. Wat ek wel onder u aandag wil bring is watter ongelooflike impak die graad 12- of senior seuns op die graad 8-nuwelinge het.

My seun was in absolute verwondering oor die manier waarop die seuns hulle dagtake uitvoer. Engels druk dit vir my beter uit, deur: "the way they go about themselves".

Elke woord, optrede, reaksie en liggaamshouding word deur die jonger mannetjies ontleed en as 'n standaard vir optrede aanvaar.

Graad 8-ouer

Nalatenskap word voortgesit

Mnr Bobby Joubert deel sy rugby-visie

Mnr Bobby Joubert en Kolbé Kolver geniet 6 Cokes op die Tuckshop-stoep. **Foto: Eric Diswane**

Mnr Bobby Joubert, voormalige hoofafrigter van Durbell Rugbyklub, asook hoofafrigter van die DHL WP sewes-span, keer na 18 jaar terug na Grey Kollege om sy nalatenskap voort te sit.

Mnr Joubert, wat in 2000 aan Grey gematrikuleer het en menige kere in die eerstespan-trui uitgedraf het, neem die posisie as direkteur van rugby by die skool in.

Wat is u doel en visie vir Grey-rugby in die jaar 2018?

Dit is vir Grey Kollege-rugby om op die hoogste vlak te presteer op nasionale en internasionale vlak (Die eerstespan speel vanjaar teen spanne van Engeland en Nieu-Seeland).

Wat sal u verander of verbeter aan die huidige rugby-stelsel by die skool?

Daar is nie veel om te verander as 'n reeds gevestigde top-skool nie. Ek sal wel meer aandag gee aan die volgende rugby-strukture: werwing, mediese sisteme, video-analise en kultuur. Ek sal ook graag alle rugby-strukture wil hersien en verbeter om sodoende die hoof van afrigting, Wessel du Plessis, los te maak om te konsentreer op afrigters en afrigting.

Wat is u beste herinnering vandat u by Grey aangekom het?

Toe ek vir die heel eerste keer Bloemfontein sien en voor Brill-huis afgelaai word met 'n splinternuwe krieketkolf.

Is daar 'n spesifieke boodskap / slagspreuk wat u graag aan die seuns wil laat?

"Once you stop learning, you start dying."

Gunstelinge:

Kos:
Seekos Paella

Fliek:
The Shawshank Redemption

Restaurant:
Bientang's Cave Hermanus

Leier:
Nelson Mandela

Quote:
A great attitude
becomes a great mood,
Which becomes a great day,
which becomes a great year,
Which becomes a great life

Tydverdryf:
Nadat ek 'n draffie gevat het om my voete op te skop en televisie te kyk.

REDAKSIE 2018

KERNREDAKSIE
Hoofredakteur
Kolbé Kolver
Subredakteur: Nuus
Rele Tsoai
Subredakteur: Sport
Ferdinand Ferreira
Subredakteur: Diepte
Henko Delport
Subredakteur: Joernaal
Carel Greyling
Subredakteur: Kultuur
Valerio Cirelli
Subredakteur: Eindkontrol
Dapper de Wet
Hooffotograaf
Eric Diswane

NUUSREDAKSIE
Travis Janbroers, Nico du Plooy, Vladik Seagreen, Philip Pretorius, Wiesner Hechter, Benson Wu, Chad Jongbloed, Joshua Lowe, Leabua Seromo, Nicolaas Wipplinger, Du Bruyn Groenewald

SPORTREDAKSIE
Henko Delport, Pieter Smith, Gustav Pieterse, Daniel Edwards, Ferdinand Ferreira, Bernhard Bührmann

DIEPTEREDAKSIE
Dapper de Wet, Juan Milne, Brendan Rudman, Rocco Steyn, Bernard Scheepers, Waldo Reinach

KULTUURREDAKSIE
Berlou Myburgh, Dirkie Laas

JOERNAALREDAKSIE
Nathi Mosala

KUNSTENAAR
JP Jacobs

FOTOGRAWE
Eduard Buchner, Stefan Verhoef, Daniël Marais

Annual grade 8 camp: the journey starts here

This year the annual grade 8 camp was at Moolmanshoek. Many people often ask whether the camp is worth it, with reference to not only the expense, but the time and effort that goes into organizing a camp for such a large number of boys.

The answer is simple. What are you willing to sacrifice to make your year group the best one ever?

The grade 8 camp is fundamental to the formation of any year group. It's where the year group is born. The boys who attend this camp partake in fun activities such as hiking, mountain climbing, dam swimming and cave camping, all while interacting and learning about nature and their fellow class mates. They endure fun and tough times with support from one another. This helps to form a bond that lasts a life time. Boys truly get to know each other in the two days spent camping. Whilst at the camp, they also learn more about Grey, The Grey Way and the meaning of Grey Family. In turn this improves the functioning, relationships, strengths and weaknesses within their year group.

The sheer enjoyment of the experience should also not be underestimated. These grade 8 boys walk into a new school, new rules, new teachers and a whole lot of strangeness. Thus the camp serves the purpose of settling in the new boys.

So when people ask if the grade 8 camp is worth it, they aren't simply asking about the camp itself but the foundation of that year group. To put it simply: the camp is the start and the strength of that year group. It ultimately starts their great journey as Grey boys. So the question remains: what is a year group at Grey truly worth?

- ROCCO STEYN

Matriekuitslae het 'n silwer randjie

Is 'n besige buitemuurse program werklik die enigste probleem?



Skoolverlaters se eindeksamenuitslae lyk gewoonlik beter as die deurlopende evaluering, maar in 2017 was dit nie vir almal die geval nie.

Verlede jaar se matriekuitslae is effens teleurstellend en meeste kandidate blyk swakker te gevaar het as wat hulle deur die loop van die jaar vermag het.

Die donker wolk het darem 'n silwer randjie en daar is uitsonderings waar leerders puik presteer het.

Een voorbeeld is Matthew Lahoud, wat gedurende sy matriekjaar 'n gemiddeld van 84.9% gehandhaaf het en 'n skitterende 88.9% gedurende die eindeksamen behaal het. Lahoud skryf sy sukses daaraan toe dat hy die werk reeds vir die rekordeksamen geleer het.

Nog 'n leerder wat uitgeblink het, is Jaco-Louw Bierman, wat sy gemiddeld van 83% na 87% verbeter het. Hy sê omdat hy nie meer buitemuurse aktiwiteite gehad het nie en almal rondom hom 'n leeratmosfeer geskep het, kon hy meer effektief voorberei.

Ander leerders wat hulle punte verbeter het, is Daniel von Eschwege en Johan van Eck.

Mnr Brian du Plessis, hoof van akademie, sê die leerders wat beter presteer het, het hul geleentheid benut en deur die loop van die eksamen ekstra hulp by onderwysers aangevra.

'n Moontlike rede waarom die matriekuitslae nie na wense was nie, is die skool se besige buitemuurse program. Dit wil voorkom of sommige leerders nie op hul akademie kon fokus nie.

'n Uitgerekte eksamenrooster kan voordelig wees aangesien daar genoeg tyd is om te studeer, maar die gevaar van te veel voorbereidingstyd is dat 'n mens vinnig aan die "vrye tyd" gewoond raak en dan maklik fokus verloor. Spanning en druk, wat met 'n groot eksamen gepaard gaan, kon sekerlik ook tot die swakker uitslae bydra.

Is die oplossing nie dat die matrieks moet besef dat hulle onderskeidings van hulself afhang nie?

Mnr Du Plessis sê daar is reeds sedert die begin van 2018 strukture in alle vakgebiede in plek gestel, om die matriekgroep te ondersteun en dat almal op die akademiese span hard aan die werk is om 'n sukses van 2018 te maak.

- DAPPER DE WET

Duitse besoekers leer van trots en tradisies

'n Groep leerders van Heigel Gymnasium in Stuttgart, Duitsland en hul onderwyseres het ware Grey-ondersteuners geword nadat hulle die skool vir 'n week in Februarie besoek het. Hulle is vir dié tydperk deur Grey-leerders en ouers gehuisves. Die besoek aan Bloemfontein was deel van 'n Suid-Afrikaanse toer.

In 2015 het Heigel Gymnasium om die beurt 'n groep Grey Kollege-leerders gehuisves. Die ouers en skool was só beïndruk met die leerders se gedrag, dat hulle voorgestel het om uitruil-vennootskap met Grey Kollege te begin.

In ruil vir Heigel Gymnasium se gasvryheid die vorige jaar, was die Grey-seuns al te gretig om húlle hierdie jaar te huisves. Mev. Sannette Greyvenstein het haar uiters goed van haar taak gekwyt deur opwindende aktiwiteite vir die Duitse gaste te organiseer.

Hulle het onder andere die Vrouemonument, Oorlogsmuseum, Planetarium en ander geskiedkundige plekke besoek.

Die Grey-seuns het die teenwoordigheid van jong dames op die skoolterrein as vreemd, tog interessant ervaar. Vir die toeriste was dit egter baie vreemder om daagliks soveel seuns in uniform te aanskou.

Hulle het groot bewondering vir Grey se skooltrots en tradisies. Respek wat getoon word deur vir 'n onderwyser op te staan en die matrieks se grasvoordeel was vir hulle baie interessant. Hulle vind die saalperiodes energiek, veral omdat hulle nie in skoolverband aan sport deelneem nie. Die Grey-gees het hulle behoorlik beetgepak met die volborssang in die saal en hulle het entoesiasties saamgesing.

Dit is interessant dat al die besoekers aan Grey altyd meld hoe wonderlik die besoek vir hulle was en baie van hulle kom dikwels vir 'n tweede besoek.

Na hul besoek aan Grey Kollege het hulle na Bethlehem vertrek, waar hulle die laaste week van hul toer voltooi het. Die Duitsers meen almal hulle gaan Grey mis en dat hulle eendag weer die skool wil besoek. Elkeen het 'n Grey-trui as aandenking ontvang.

- BERNARD SCHEEPERS

Duitsers leer by die krieketmeesters. **Foto: Daniël Marais**

Empire proves the critics wrong

At Grey College, diversity is strongly promoted. In this school there are many different cultures and all efforts are made to accommodate one another.

A balance between the two main languages, English and Afrikaans respectively, is a trait that Grey College seems to have mastered. South Africa is known for its ethnic diversity and at this prestigious school, that is not an aspect which is ever to be compromised.

Tolerance is one of the key aspects that is often touched on by mr Scheepers, the headmaster. The system of alternating the use of English and Afrikaans every second week reinforces the culture of tolerance on the part of both the learners and the teaching staff. It is safe to say that Grey College clearly represents what is known as the rainbow nation, with its various racial and cultural groups all working together in harmony?

Ours is a country where creative expression flourishes and the endless cultural diversity quite often results in misunderstandings between different groups. Grey College has, however, managed to prove the critics wrong with their ordered parallel-medium empire.

- TONY CATA

Premier League soccer is now the long break highlight

Over the years, English matric learners at Grey have had a particular interest in playing soccer at break. Usually the game was just a mixture of random boys in teams playing for the fun of it. But this year a group of learners came up with a system which is based on the current football leagues around the world, in which there will be a number of teams which will compete in a league.

The league will be determined by a league table; 3 points will be gained from winning games and 1 from drawing a game. These games happen every long break. As soon as a team is scored against they are knocked out and must wait their turn in line until they get the chance to play again. If a game is still happening and the bell rings for the next period, the game is declared a draw.

There was a window where captains of various teams could decide to transfer some of their players. A maximum of 9 players per team are allowed - 7 starting players and 2 substitutes. During the transfer window a lot of transfers were made and the boys built up their teams to be the best they could be with a strategic sense of how they try to outclass their opponents. The transfer window ended on the 23rd of February.

This initiative from the boys has showed a sense of innovation. They are even trying to take it further by creating social media accounts on the league, so make sure to check it out on Instagram.

The boys who are competing will try to do the best they can in the league and will try to honour their teams and hopefully, win the league to earn full bragging rights.

- JUAN MILNE

Mooiweer en spoke word voorspel

Koshuisbrakke is dalk nie die enigste inwoners nie ...

Murray-huis lyk effens *spookagtig* op 'n reënerige somersaand. **Foto: Argief**

Die koshuis het nie net gees nie, maar ook geeste!

'n Paar gesigte op die stokou foto's teen die koshuismure, is skynbaar nog besig om Grey se nalatenskap te bewaar...

Moenie dink die spoke is skaam nie. Dink maar aan Murray-huis se bewegende appèlsaalstoele of Brill-huis se flikkerende ligte. Mnr Ingo Machts het al gedurende vakansies stemme in die koshuis gehoor, deurgestap en geen lewende siele gevind nie.

Leith-huis is na bewering die eintlike spookhuis. In 'n onderhoud met voormalige koshuisvader, mnr Dries van der Wal, vertel hy oor sy ontmoetings met Lady Grey. Daar word gespekuleer dat Lady Grey, Florence Meiring kan wees.

Jock Meiring (oudskoolhoof) se vrou, Florence, het destyds as verpleegster in die ou koshuis gewerk. Het die gekerm van siek seuns dalk vir haar te veel geword?

Mnr Van der Wal vertel hoe iets hom een nag in sy slaap verwurg het en toe hy omkyk, kon hy haar op sy rug sien. Hy het ook een middernag sy vrou hoor gil omdat die spook in hulle bed gelê het.

Hy beskryf Lady Grey as die bolyf van 'n ou vrou in 'n wolkerige gedaante. Gelukkig rig sy nie fisiese skade aan nie, maar veroorsaak 'n paar nat kolle hier en daar.

Die huidige huisvader, mnr Juan van den Berg, kan ook van Lady Grey getuig. Op sy eerste dag aan diens het hy teen middernag besluit om deur die donker koshuis te loop, om te kyk of seuns probeer uitglip en 'n deur sien beweeg. Toe hy nader stap, kon hy sy nekhare voel regop staan. Sy was daar...

Daar was ook die keer toe sy glas water een nag val en toe hy wakker skrik, was daar 'n vreemde spookagtige geluid in die kamer. Hierna kon hy sy kassleutel hoor klingel en toe gaan die deur oop.

Vra die koshuisseuns gerus oor hul eie ontmoetings met die spook. Dit is genoeg om enige toekomstige koshuisbrak behoorlik skrik op die lyf te jaag. Lady Grey het al vele vorige generasies bespook en sy is duidelik hier om te bly...

- WALDO REINACH

Saalperiodes is waar die skool se hart klop

Soos elke Grey-seun weet, is die saal die hartklop van die skool en saalperiodes die weeklikse hoogtepunt vir vele.

Die week se belangrikste nuus, sportuitslae en alle reëlings word gewoonlik met groot afwagting en opgewondenheid begroet. Dit is natuurlik die saamsing wat ons veral as 'n eenheid saamsnoer.

Wat saalperiodes egter uniek en spesiaal maak, is die gassprekers wat hul insig en ervarings met ons kom deel. Elke persoon benodig nou en dan motivering en aanmoediging om die stampe en stote van die lewe te kan bemeester.

Brian Tracy, motiveringspreker van Amerika, het die volgende boodskap met die leerders gedeel:

"*No one lives long enough to learn everything they need to learn starting from scratch. To be successful, we absolutely, positively have to find people who have already paid the price to learn the things that we need to learn to achieve our goals*".

Ons was bevoorreg om die afgelope tyd 'n verskeidenheid gassprekers by die skool te verwelkom. Bekende sportsterre, akademici en motiveringsprekers het om die beurt die Grey-seuns se lewens in die saal kom verryk. "Om te kan leer uit ander se ondervindings is goud werd," sê Brian Tracy.

Die Grey-seuns luister graag na 'n persoon met wie hulle kan identifiseer, iemand wat weet hoe 'n Grey-seun se kop vasgeskroef is. Terwyl ons altyd waarde put uit die woorde van sprekers wat hoë hoogtes bereik het, is dit net soveel meer waardevol as dié boodskap uit die mond van 'n oud-Grey kom.

'n Matriekseun aan Grey Kollege meen "'n oud-Grey weet mos hoe ons dink en wat vir ons belangrik is." Dit is altyd fassinerend om na stories van voormalige Grey-manne se dae op skool te luister.

Die saalperiodes in die heiligdom van Grey dra grootliks by tot die vorming van die finale produk. Sonder die bemeestering van die *War Cry* sal veral die junior leerders nie besef watter ongelooflike voorreg dit is om te staan waar legendes gevorm is nie.

- BRENDAN RUDMAN

Elke Grey-seun weet... die *War Cry* maak saalperiodes enig in sy soort. **Foto: Argief**

The art of excelling while inspiring is a rare yet very important talent

The class of 2018 faces an enormous academic Everest





At the end of 2017 Grey was on its feet applauding the 2017 matrics and wishing them good luck on their journey into adulthood.

Early 2018, however, once the matric results had been announced, there was distinct change in overall attitude towards the class of '17, so much so that the 2018 matrics were told that they "don't want to end up like last year".

Now without justifying the 2017 matric results, is it okay that our attitude toward them has changed so drastically? Would you not still be proud of your son for making the school team after finding out he didn't do his homework that one time?

The matrics of 2018 feel extra pressured to achieve good academic results this year. The cause of this is of course the frequent check-ups done by mr Scheepers and mr Els. While it is nice to know that it is in your best interest, one cannot help but feel like you are being compared to the previous year.

You feel the pressure of also ending up branded as a *bad year*. In truth, academic results have nothing to do with being a *good* or *bad year*, neither do sporting results, or cultural results. It can all be boiled down to one thing, how you made people feel.

Maya Angelou once said *"People will forget what you said, people will forget what you did but people will never forget how you made them feel."* I would like to adjust this quote to: *"You will forget what Grey said, you will forget what Grey did but you will never forget how Grey made you feel."*

The same can be said about any year group. The quality of the year group is thus ultimately determined by how that year group made the school feel.

It is, however, often the case that this infectious feeling that the Grey spirit creates, gives rise to much more tangible achievements, like the first team rugby being undefeated and yes, good academic achievement.

These are the results of the matrics trying to leave the rest of the school feeling inspired and not merely satisfied. The matric mindset should thus not be: *The school is watching, what do they want us to do?* but rather: *The school is watching, let's show them what we can do.*

Let us thus not remember the class of '17 by their academic results, but rather by how they made us feel. One should also remember that achievement is not only about distinctions, but it is measured by the quality of the person who achieves a matric pass.

In 2018, let us not strive only for great academic achievement or great achievement on the sports field. But let us strive toward being a great year by making the school feel inspired by what we can do. Achieve this and 2018 is our oyster.

REVIEW

Heroes are in a league of their own

If you're a DC fan, this is the movie for you.

Ben Affleck stars as Batman in Zack Snyder's Justice League and he's accompanied by Henry Cavill as Superman, Gal Gadot as Wonder Woman, Ezra Miller as The Flash, Ray Fisher as Cyborg and Jason Momoa as Aquaman.

This movie is based on the DC Comic Justice League by Gardner Fox. The production budget for this movie was 300 million dollars.

A ruler named Steppenwolf attempts to conquer Earth through the combined energies of Mother Boxes, but is defeated by a unified army.

Steppenwolf, with a stronger army, returns to reclaim the three Mother Boxes to attempt to conquer Earth. Bruce Wayne, along with Diana Prince recruits Arthur Curry (Aquaman), Barry Allen (The Flash), Victor Stone (Cyborg) and an unexpected ally to stop Steppenwolf from conquering the planet.

The visual effects are amazing. It makes you feel like you're actually in the scene. I rate this movie a 7 out of 10.

Plug in all systems: Let the battle begin

If you are a Sword Art Online fan, then this is the game for you. *Sword Art Online: Fatal Bullet* is a new role-playing game based on the anime series, Sword Art Online.

The game's release date was on the 23rd of February 2017 and it is published by Bandai Namco Entertainment.

Sword Art Online: Fatal Battle was developed by *Dimps*. This game was rated a 7/10 by Steam and 66% by *Metacritic* and is available on *Playstation 4*, *Xbox One* and Microsoft Windows. The characters are Kirito, Asuna and a silent protagonist.

This game is based on a silent protagonist who begins his day at *Gun Gale Online*. GGO is based on a territory called SBC *Flugel*. The territory is locked tight and can only be accessed by players accompanied by rare *AI* companions called *ArFA-sys*. The purpose of these companions is to unlock the raid for the players to complete the game. This can be done by upgrading the *ArFA-sys*.

Kirito's childhood friend Kureha is approached by one of the *ArFA-sys* and avoids being noticed by Kirito and Asuna. This is a race to complete *GGO* - but there is a surprise lying at the heart of *GGO*.

I think the fact that Kirito is not the protagonist in this game was a genius move by *Dimps*. Not only is it a surprise, but it also makes the game a third-person combat game, which is very effective. The graphics of the game are spectacular and the controls are simple to master.

There are some weak spots in the game. I found the storyline to be very confusing and added to that, there is no background that one can refer to for better comprehension of the story.

Despite the story line, this is still a good game and I give it a rating of 8 out of 10.



UITSLAE

ATLETIEK

Grey Kampioenskap

EERSTE PLEKKE (geselekteer)

Tat Botha		
o/14	Diskus	50,13m
	(nuwe rekord)	
Tat Botha		
o/14	Gewigstoot	15,38m
	(nuwe rekord)	
Gunter van Rensburg		
o/14	Hamergooi	29,85m
	(nuwe rekord)	
Ethan Muller		
o/14	100m	11,43s
DJ Liebenberg		
o/15	Diskus	56,62m
DJ Liebenberg		
o/15	Gewigstoot	16,06m
Lucky Moleyane		
o/15	200m	22,73s
	(nuwe rekord)	
Stanley Roberts		
o/15	1500m	4m54,55s
	(nuwe rekord)	
Tielman Nieuwoudt		
o/16	Gewigstoot	16,15m
Nabo Sokoyi		
o/16	Driesprong	11,77m
	(nuwe rekord)	
Joubert Schoeman		
o/17	100m	10,73s
Wicus Vosloo		
o/17	110m hekkies	14,77s
MD Laubscher		
o/19	100m	10,56s
Herman Agenbag		
o/19	Gewigstoot	16,67m
Jannes Schlebusch		
o/19	Spiesgooi	64,39m
	(nuwe rekord)	

FINALE UITSLAG
Stad: 721 punte
Koshuis: 851 punte

Philip Henning behaal sy beste prestasie

Posisie op wêreldranglys vir juniors verbeter aansienlik

Philip Henning in aksie tydens 'n internasionale toernooi in Afrika. Hy is tans die Afrika-kampioen. **Foto: Verskaf**

Philip Henning, Grey Kollege se nommer-een-tennisspeler, het uitmuntend presteer toe hy vanaf die 20ste tot die 27ste Januarie 2018 aan die Junior Australiese Ope deelgeneem het in Melbourne. Slegs die eerste 64 spelers op die wêreldranglys vir o/18-spelers het die voorreg gehad om aan dié wêreldbekende toernooi deel te neem.

Dit was sonder twyfel ook Philip se beste prestasie van sy loopbaan tot dusvêr. Tydens hierdie toernooi het hy daarin geslaag om te vorder tot in die derde rondte (rondte van laaste16) van die enkelspel. Op sy pad na die derde rondte het Philip oorwinnings behaal oor beide die 25ste en 9de gekeurde spelers op die wêreldranglys.

In die dubbelspel het Philip saam met Andrew Paulsen van die Tseggiese Republiek, tot die kwarteindrondte deurgedring.

Danksy hierdie prestasie van Philip by die Australiese Ope is hy tans 57ste gekeur op die wêreldranglys vir o/18-spelers.

Philip sê: "Die oorwinnings wat ek behaal het oor van die wêreld se beste spelers maak 'n groot verskil in my uitkyk en benadering in hierdie groot toernooie. Ek het gesien ek hoef vir geen van hierdie top-spelers terug te staan nie."

- GUSTAV PIETERSE

Waterpolo bly steeds 'n veeleisende sport

Travis Janbroers, eerstespan-waterpolo-speler, sê: "Grey se waterpolo is 'n krag om mee rekening te hou. By die eerste toernooi van die jaar, die Grey Kollege ITEC o/18-toernooi, het die eerstespan wel 8ste geëindig by 'n baie kompeterende toernooi.

Grey High van Port Elizabeth het as wenners uit die stryd getree tydens hierdie toernooi. Volgens Travis het die tuisspan die ondersteuning van die skool deur die loop van Vrydag waardeer en sê dit motiveer hulle om die beste te speel en hulle skool trots te maak.

Die eerstespan bestaan uit ses matrieks, wat baie positief is oor die toekoms van Grey se waterpolo en oor die belowende spelers wat hulle kan opvolg. Travis stem saam met 'n onlangse studie dat waterpolo een van die moeilikste sporte tans in die wêreld is, maar sê ook dat niks by die gevoel kom van sukses in die water nie!

Sukses in waterpolo kom nie vanself nie. Dit gaan saam met harde werk en baie ure se oefening. 'n Waterpolo-seisoen is 'n seisoen van vroeë oggende, toere weg van die huis en in baie gevalle, laat middae en aande.

Beide Travis en mnr Nico Venter, hoof van waterpolo by die skool, sê dis een van die die top-toernooie in die land, en is baie dankbaar vir al die borge, die ouers en die ondersteuners. Mnr Venter sê: "Ons is steeds baie opgewonde oor die toekoms van Grey se waterpolo en voel dat daar baie talent in beide die o/14 en o/15-spanne is.

Die uitslae van hierdie spanne bevestig mnr Venter se opgewondenheid. By die Crawford- en Jason Murray-toernooie, het die o/14-span onderskeidelik silwer en brons medaljes verower. Hierdie span verstaan mekaar se spelpatroon. Dit is die eerste keer in Grey se onlangse waterpolo-geskiedenis dat 'n span in opeenvolgende toernooie onder die top 3 eindig.

Die skool het tans die meeste juniors wat Grey al gehad het en die gewildheid van waterpolo by Grey styg definitief. Dit kan toegeskryf word aan die feit dat waterpolo al by die laerskool as 'n sport geïdentifiseer word. Mnr Venter glo dat met die nodige kundigheid op afrigtingsvlak, Grey binnekort deel van die Top 10 skole in die land kan wees.

Wat natuurlik ook waar is, is dat waterpolo as 'n somersport eintlik as ideale voorbereiding dien vir wintersporte soos rugby en selfs sokker. Waterpolo sorg vir soepelheid en 'n baie goeie algemene vlak van fiksheid.

- WJ MARAIS

Die eerste waterpolospan neem baie gereeld op die hoogste vlak aan toernooie deel en presteer bevredigend. **Foto: Verskaf**

Murky pool fails to curb the enthusiasm of swimmers

Walk-ins still enthral the crowd

The swimmers performed admirably, despite the colouration issue. **Photo: Leabua Seromo**

The 2018 swimming year has already achieved amazing results, even though it is only the end of the first term.

The year kicked off with a trial gala in the first week of the school year, to choose the 7 swimmers who would be taking part in each item of the Grey gala, where City and Hostels compete against each other.

The Grey gala, which took place on the 24th of January, was a huge success, besides the fact that the swimmers had to swim in discoloured water. Oranje and Eunice, the two girls' schools, were also invited to take part in the girls' relay event which, once again, attracted a lot of attention. The walk-ins were undoubtedly, as in the past, the crowd's favourite part of the evening.

Unfortunately no records were broken this year, but City did happen to win the gala with 1122 points against Hostel's 185 points.

On the 9th of February Grey took part in the Westville relay gala. It is an outstanding achievement for Grey to have been placed second, with 275 points, after Westville, who achieved 309 points.

Mrs Heléne Du Toit says, "A person can only salute these swimmers. In all respect this is one of the best swimming teams that I have ever encountered at Grey."

- DANIEL EDWARDS

Ross geniet die atmosfeer en goeie spangees van Sewes

Jaar na jaar groei die lys van Grey-seuns wat Suid-Afrika op skoolvlak verteenwoordig. Vanjaar is geen uitsondering nie. Ross Braude, huidige graad 12-leerder, is gekies vir die SA Skole Sewes-span, wat in Maart aan 'n toernooi in Windhoek, Namibië, deelneem.

'n Oud-leerling van Grey Kollege wat deel was van verlede jaar se SA o/18-Sewes-span, naamlik Henk Cilliers, was in Januarie ook lid van die SA Rugby Sewes-akademie-span, wat aan twee toernooie in Suid-Amerika deelgeneem en boonop albei gewen het. Hierdie toernooie dien as 'n goeie platform vir 'n sewes-speler om te vorder na die nasionale senior Sewes-span.

Ross sien baie uit na die toernooi in Windhoek. Wat hierdie geleentheid uniek maak is dat hierdie span in Oktober die voorreg gaan hê om by die Junior Olimpiese Spele in Buenos Aires in Argentinië te gaan speel.

Ross sê: "Ek voel dat ek eendag verder sal kom in 15-man-rugby as in sewes, maar vir my is die atmosfeer by die sewes en tussen die spelers baie beter as by 15-man-rugby. My rolmodel is Aaron Smith van Nieu-Seeland. Hy is 'n rugbyspeler wat die basiese dinge op sy spesifieke manier prefek doen. Dit is sonder twyfel iets wat 'n mens kan navolg."

Ross voel redelik seker oor sy toekomsplanne. Hy sê: "My plan is om 'n professionele rugbyspeler te word, maar ook 'n graad te behaal in Fisioterapie. Daar is ook altyd die moontlikheid om later oorsee te gaan rugby speel."

- DE WET MARAIS

Eerste krieketspan eindig toernooi onoorwonne as gasheer

Van die beste krieket-skole in Suid-Afrika het weer vanjaar aan die jaarlikse Grey Kollege Krieket-toernooi deelgeneem.

Hierdie toernooi word deur baie skole as 'n ideale begin vir die krieket-jaar beskou. Die toernooi vind plaas in 'n gees van goeie sportmanskap.

Die huidige Grey-krieketkaptein, CP Klijnhans, sê: "Die toernooi vind elke jaar plaas op die legendariese Johan Volsteedt-ovaal, vernoem na ons vorige skoolhoof. Hy word tereg beskou as 'n Grey-legende en het veral diep spore getrap op die krieketveld." Die toernooi het vanjaar plaasgevind van 11de tot die 15de Januarie.

Soos telkens in die verlede, was die toernooi vanjaar baie suksesvol, veral vir Grey se eerstespan. Dié span was onoorwonne teen goeie spanne van Selborne College, Framesby Hoërskool, St. Charles College en Northwood High School.

CP sê: "Ek glo elke individu wat by hierdie toernooi betrokke was, en veral ons Grey-span, het as krieketspeler en selfs as mens gegroei."

Een van die grootste hoogtepunte van die toernooi was toe CP self, asook Amandio Cavaleiro, elkeen individuele honderdtalle aangeteken het. "'n Verdere hoogtepunt was ons snelbouler, Brian Kershaw, se boulwerk. Hy het gedurende hierdie toernooi 10 paaltjies geëis vir die verlies van slegs 65 lopies, voeg CP by.

CP voel dat die toernooi sonder twyfel die moeite werd is aangesien dit vele geleenthede bied vir elke speler om homself te bewys op die hoogste vlak. Hy voel dat die skool baie baat kan vind by die aanbied van hierdie tipe toernooie. "Dit verskaf baie blootstelling en ondervinding aan ons spelers", sê CP.

CP sê verder: "Die toekoms van krieket by die skool lyk belowend. Daar is talle jong, talentvolle krieketspelers wat besig is om tot hul volle potensiaal te ontwikkel met behulp van die uitstekende krieket-fasiliteite wat deur ons skool voorsien word. Nuwe krieketnette is opgerig. Dus kan daar meer spelers gelyktydig oefen. Ek is nuuskierig om te sien hoeveel Protea-krieketspelers nog deur die Grey-afrigters gekweek gaan word, aangesien daar reeds Proteas soos Hansie Cronjé en Kepler Wessels deur ons skool gekweek is."

Al was daar teleurstellings deur die loop van die jaar, is daar 'n stewige basis gelê vir sukses in die toekoms.

- JACQUES LOTRIET

Die eerste krieketspan het tydens die Grey-toernooi goeie oorwinnings behaal oor Selborne College en Framesby. **Foto: Daniël Marais**

CALENDER

2018 SECOND TERM

3-6 APRIL
Swimming Level 3
Sasolburg

4-8 APRIL
Golf Affies Tournament
Pretoria

4-9 APRIL
Rugby World /18 Tournament
Paarl

6-9 APRIL
Hockey /14 Nomads Tournament
Wynberg

6-9 APRIL
Hockey /18 Nomads Tournament
Bloemfontein

23-28 APRIL
Swimming SA Championship
Port Elizabeth

28 APRIL-1 MAY
Wildeklawer Rugby Tournament
Kimberley

4-5 MAY
Interschool Paarl Boys High
Paarl

11-12 MAY
Interschool Selborne College
Bloemfontein

17-20 MAY
Kearsney College Tennis Festival
Durban

18-19 MAY
Interschool Affies
Pretoria

21-24 JUNE
Engen Knockout Soccer Tournament
Bloemfontein

8-14 JULY
Rugby Craven Week
Paarl

Grey Kollege Sekondêr BLOEMFONTEIN Grey College Secondary | www.gc.co.za
JAARGANG | VOLUME 52 · UITGAWE | EDITION 1
Maart | March 2018

SPORT

12

ATLETE BEREIK 'N NUWE KRUIN

Span wen Sentraal se Top 20

DJ Liebenberg, o/15-diskusatleet, is een van die staatmakers in 'n suksesvolle atletiekspan. Foto: Verskaf

By Grey skop elke nuwe skooljaar opwindend af met die Grey atletiek-byeenkoms tussen Stad en Koshuis. Hierdie is 'n wel-bekende tradisie wat jaarliks plaasvind, en bly steeds 'n hoogtepunt op Grey se kalender is.

Tydens die jaarlikse byeenkoms kon Stad slegs 721 punte aanteken terwyl Koshuis nog 'n welverdiende oorwinning behaal het met 851 punte. Koshuis se dag sluit dus nogmaals of op 'n hoogtepunt. Die jaarlikse byeenkoms het ook gesorg vir die verbetering van talle rekords, met die opstel van ses nuwe rekords.

In die o/14-afdeling het Tat Botha in beide die gewigstoot- en diskus-items rekords gebreek terwyl Lucky Moleyane in die o/15-afdeling die 200m-rekord verbeter het met 'n tyd van 22.73 sekondes. Dit is 'n uitsonderlike prestasie, aangesien die rekord al staande is vanaf 1980 met 'n tyd van 22.80 sekondes.

Mnr Marnus van Wyk, hoof van atletiek, sê: "Die massa-deelname van die seuns is vir my altyd iets besonders, veral omdat die meeste seuns tot aan die einde van die byeenkoms gebly het om by te bly met die telbord."

In die o/19-afdeling het Jannes Schlebusch die spiesgooi-rekord verbeter met 'n afstand van 64.39m. Hierdie was ook 'n rekord wat al lank gestaan het, al sedert 2006. Mnr van Wyk sê: "Op die oomblik het ons goeie junior atlete wat my opgewonde maak om te sien wat die uitslae gaan wees op die SA Skole-byeenkoms vanaf 21 tot 24 Maart 2018." Mnr van Wyk is van mening dat Grey se atletiek gebaseer is op lojaliteit teenoor die skool en die daaglikse harde werk van atlete.

Tydens die Sentraal Top 20-byeenkoms het die atletiekspan 'n uitsonderlike prestasie behaal. Vir die eerste keer sedert die atlete aan sulke belangrike byeenkomste deelneem, het hulle as die wenners uit die stryd getree. Die harde werk van die atlete is beloon.

-PIETER SMITH

waterpolo

Eerstespan presteer op 'n hoë vlak in plaaslike toernooi

Span wys dat hulle 'n krag is om mee rekening te hou deur 8ste te eindig ten spyte van sterk kompetisie Bladsy 10

atletiek

'n Verstommende sewe rekords het in die slag gebly tydens die Grey-kampioenskap. Uitslae op... Bladsy 10

sewes

Rugby-toekoms is rooskleurig

Ross Braude word gekies vir junior Sewes-span om in Namibië te speel. Bladsy 11

krieket

Toernooi-sukses is goeie grondslag

Eerstespan behou onoorwonne status deur tuisveldvoordeel te gebruik. Bladsy 11

tennis

Philip Henning klim die ranglys

Belowende tennisspeler bereik die derde rondte van die junior Australiese Ope in die enkelspel, sowel as die kwarteindrondte van dieselfde toernooi in die dubbelspel. Bladsy10

adidas
Official sponsor of Grey Rugby

canterbury
PROUD SPONSOR OF GREY COLLEGE RUGBY